# Hoofstuk van die dag: Numeri 8

> *Die kandelaar is so gemaak: van die voetstuk af tot by die kroonblare is dit van geslae goud. (vers 4)*

Die sewearmkandelaar, oftewel menora (vers 1), wat in die vorm van ’n gestileerde boom of plant gemaak is (vgl die kroonblare in vers 4), roep assosiasies van lewe en vrugbaarheid op. Daarom is dit só geplaas dat die kandelaar se lig op die versoendeksel geval het. Dit was waarvandaan die stem van God opgeklink het (7:89). So het die inrigting van die Tent van Ontmoeting die volk voortdurend herinner waar hulle lewe en groei vandaan gekom het: van God en die leiding wat Hy gee.

Om te verstaan hoe Israel oor God se leiding in hulle lewe en samelewing gedink het, kan jy gerus Psalm 119 lees. Elke enkele vers (op een uitsondering na) in dié langste van psalms jubel oor God se leiding. Die digter gebruik verskillende uitdrukkings daarvoor: God se verordeninge, wet, lering, onderwysing, vermaning, sy woord, beloftes, beslissings ens. In Ps 119:105 trek die digter die lyn deur na die kandelaar in die tabernakel as hy sê: “U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my lewenspad.”

Kom ons leef dan in die lig wat vanuit die Woord op ons skyn!

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026